education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## VISUELE KUNSTE V2
## (PRAKTIES)

## MODEL 2007

**PUNTE: 50**

**TYD:** Hierdie vraestel MOET gedurende die vierde kwartaal voltooi word in 'n minimum van ses uur en 'n maksimum van 18 uur.

**Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en B.

   AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK
   AFDELING B: DIE KUNSWERK

3. Jou finale kunsprakties vir Graad 11 verteenwoordig die hoogtepunt van jou kunsstudies hierdie jaar. Jou kreatiwiteit, oorspronklikheid en vaardighede sal ten toon gestel word. Daar word gehoop dat jy dit sal geniet om die kunswerk te skep en dat dit vars en oorspronklik sal wees om jou persoonlike ervarings uit te druk.

## AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK

Die bronboek vorm 'n belangrike gedeelte van hierdie eksamen. Dit bied insig in die manier waarop jy idees vorm, hoeveel alternatiewe jy ondersoek het en ander prosesse wat tot die finale produk lei.

Die bronboek moet uit die volgende bestaan:

- Alle idees en oplossings wat jy ondersoek het.
- Al jou bronmateriaal. Dit sluit tekene uit die lewe, foto's, beelde uit tydskrifte en koerante, gedigte, lirieke, voorwerpe wat gevind is, ensovoorts in. Oorweeg dit om, waar relevant, jou eie foto's te neem.
- Al jou voorbereidende komposisionele sketse, tekene en notas gebaseer op jou bronne. Dit is belangrik om die bronne jou eie te maak deur dit te skets, jukstaposisies te beplan en oorspronklike komposisies te skep.
- Geskrewe verduidelikings en notas oor hoe jy die onderwerp gaan benader.
- Twee komposisietekeninge/collages/assemblages om as verwysing in die finale kunswerk te gebruik.

**AFDELING B: DIE KUNSWERK**

Daar word van jou verwag om EEN kunswerk te produseer in die praktiese dissipline(s) wat jy hierdie jaar gebruik het. Dit kan 'n enkele komposisie wees of die vorm van 'n diptiek, triptiek of 'n reeks werke, wat as een werk gesien word, aanneem.

ALGEMENE RIGLYNE:

- Jy mag die vraestel met jou kunsopvoeder bespreek.
- Die eksamenwerk moet in die teenwoordigheid van jou kunsopvoeder in die kunsklas voltooi word. Geen eksamenwerk mag uit die klaskamer geneem word nie, behalwe indien daar binne die skoolterrein gewerk word.
- Grootte: geen beperkings nie, maar moet beheerbaar wees.
- Onthou die belangrikheid van die elemente en beginsels van kuns soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, proporsie en komposisie.
- Daar is geen spesifieke voorskrifte ten opsigte van die styl van die werk nie. Dit kan naturalisties, ekspressief/ekspressionisties, dekoratief, ensovoorts wees.
- Jy mag ander media insluit om gemengde mediawerk in enige van die praktiese dissiplines te skep.
- Bied jou werk aan volgens die vereistes van jou kunsopvoeder, byvoorbeeld montering, 'n portefeulje van werk of 'n uitstalling, ensovoorts.

TEMA:

# FRAGMENTE

Oorweeg die volgende betekenisse van die woord 'fragmente':

- Wrakstukke
- Oorblyfsels
- Rommel
- Afval
- Opdrifsels
- Aandenking/Relieke
- Ruïnes
- Versplinter
- Verbrokkel
- Gebreek
- Buite werking

Oordink die betekenis van die woord 'fragmente' en versamel visuele bronne om jou finale kunswerk te ontwikkel - maak tekeninge, neem foto's, versamel relevante beelde uit die media en vanuit jou eie ervaring, skryf idees neer, ensovoorts.

Ontwikkel idees, persoonlike simbole en beelde uit hierdie bronne. Oorweeg 'n verskeidenheid oplossings voor jy op die finale idee(s) besluit.

Kopiereg voorbehou 

## ASSESSERINGSKRITERIA

### AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOOK

| **KRITERIA** | |
|---|---|
| Ondersoek van 'n verskeidenheid van uitgangspunte en idees | |
| Ondersoek en eksperimentering met materiale en tegnieke | |
| Twee komposisietekeninge/collages/assemblages | |
| **TOTAAL** | **10** |

### AFDELING B: DIE KUNSWERK

| **KRITERIA** | |
|---|---|
| Tegniese vaardighede, gebruik van materiale | |
| Estetiese gebruik van kunselemente | |
| Toepassing van oorspronklike navorsing in bronboek | |
| Geheelindruk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, kompleksiteit, innovering | |
| Aanbieding van werk | |
| **TOTAAL** | **40** |

Assessering moet volgens die Vakassesseringsriglyne: Visuele Kunste BYLAE 3, voorbeelde 1 en 2 gedoen word.

**TOTAAL: 50**

Kopiereg voorbehou